

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 120**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Die magtigste aardbewonder

Wie is hy? Sy naam is Abaddon — alias Apollion (Openb. 9:11). Dit is die satan — die groot, vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings. Miskien glo u nie eens dat hy bestaan nie.

- \* Sommige mense glo nie dat die Amerikaners op die maan geland het nie.
- \* Ander weer is oortuig dat televisie geen voordele het nie.
- \* Nog ander verseg om ontkleedanse as sonde te sien.

WAAROM? — Omdat die grondige kennis ontbreek.

Miskien is dit u probleem met Abaddon. U kennis oor hom skiet te kort. U weet te min van sy persoon, sy geskiedenis, sy oogmerke, sy wapens en metodes. Daarom het hy net vir 'n karikatuur gebly — 'n skim, 'n koddige figuurtjie met 'n krom neus, blitsende oë, spits ore, kort skerp horinkies en 'n lang gepunte stert — 'n Joodse tokkelossie om kinders mee bang te maak — 'n Bybelse uitvindsel om dit wat sleg is, te verpersoonlik.

U is verkeerd. Die satan bestaan en leef so seker as wat uself asemhaal en leef. Voor die skepping van die mens het God eers engele geskape en aan hulle 'n gesagstruktuur verleen. In die Bybel word twee engele genoem wat hoofde van hulle afdelings was — Gabriël en Migael.

'n Ander hoofengel wat ook so 'n heerlike magsposisie beklee het, was Abaddon. Hy het egter in opstand gekom teen God en daarin geslaag om 'n derde van die engele te betrek in sy rebellie. Dit het 'n oorlog in die hemele ontketen waarin die satan verslaan en neergewerp is op die aarde. Voortaan sou die satan dinamies op aarde optree — maar in 'n ander DIMENSIE as wat aan ons bekend is. Ons beskik slegs oor vyf sinuïe en is geneig om net dit wat ons sien, hoor of voel as werklik te aanvaar. Soms praat ons ook van 'n sesde sinuïe, maar hoeveel is daar wat ons nie sien, hoor of ervaar nie?

- \* Die radio-telegrafiese golwe van TV word nie deur ons gesien, gehoor of selfs gevoel nie — en tog kom sowel die hele prentjie as die klank deur die lug na ons huise toe.
  - \* Net so is die bestaan en werking van die satan en die duiwels — ons kan hulle nie hoor of sien nie.
- Hulle is op 'n ander "golflengte" as ons.
- Hulle leef en werk in 'n ander dimensie as die mens.
- Hulle is so WERKLIK en eg soos 'n beeld op die TV en 'n stem oor die radio.

Wie die bestaan van die satan ontken, spreek van onkunde — en wie sy verderflike invloed onderskat, bewerk sy eie ondergang.

**A. S. HEYSTEK.**

## Die duiwel:

# SY WERKMETODE MET JOU!

Ek wil twee stellings maak waarmee jy sal saamstem.

Stelling 1. Die totale werklikheid waarin ons leef, met al sy fasette, het reëls, wette en verordeninge waaraan gehou moet word. Vrede en geordenheid hang daarvan af. Daar is verkeersreëls vir padgebruikers. Daar is wette wat die veilige bestaan en voortbestaan beskerm.

Stelling 2. Die mens buig nie graag onder wette en reëls wat die samelewing orden nie — veral nie as hierdie wette jou vryheid en self-uitlewing aan bande lê nie.

### 'n Bose Mag

Dit is asof 'n bose mag mense en volke in besit neem en tot allerlei teen-wetmatighede aanspoor. Die duiwel is hierdie bose mag. Toe God die aarde en die mens geskep het, het God gesê: alles wat Ek gemaak het, is goed en mooi en eerbaar en georden. Daarvan het die duiwel nie gehou nie. Vanaf die skepping probeer hy om God se handewerk te vernietig. Waar geloof is, bring hy ongeloof. Waar liefde is, bring hy haat. Waar orde is, bring hy wanorde.

### Twyfel

U twyfel aan wat so pas gesê is. Dit is een van die eerste wapens wat die duiwel gebruik — om God se werk en God se wette en God-self verdag voor te stel. Die duiwel saai twyfel. Daarin is hy baie goed. Hy saai twyfel aangaande God, twyfel aangaande die wenslikheid en nuttigheid van ordende regulasies wat God ingestel het. Die twyfel wat die duiwel saai, floreer op die akker van begeerte.

### Begeerte

Allereers bewerk die duiwel die begeerte om af te wyk van die geordende. Die verkeerde en die afwykende word as mooier, as beter, as nuttiger voorgestel as die wetmatige en geordende saak. Die duiwel wek die begeerte na dit wat nie mag nie. Daarna wek hy twyfel! Is dit wat voorgeskryf is, die beste? Beperk dit nie die mondigheid van die mens nie? Kennis is tog om alles van alle kante te bekyk!

Die twyfel en sy argumente dien daartoe om die begeerte werklikheid te maak. Die begeerte vra na seksuele ongebondenheid. Twyfel maak die geordende huwelik verdag en voorhuwelikse kuisheid 'n onding. Dit is voorskrifte wat die kennis ondermyn. Eksperimenteer met die huwelik en met seks. Dit gee voller, ryper en meer aangepaste verhoudinge. Eksperimenteer met die lewe, drank, dwelmmiddels en wat nog alles. Die begeerte en die twyfel oortuig ons van 'n groot gemis in ons lewens.

Die volgende tree na die daad is maklik. Watter ontugtering wag daar op ons as die duiwel klaar met ons die pad geloop het. Die eens begeerlike saak wat so aanloklik gelyk het, dra 'n bitter vrug. Dit bring ellende, wanhoop, onrus en haat. Dan laat die duiwel jou in jou ellende agter. Hy het klaar met jou gespeel.

### Waar is jy?

Maar God sien jou. God wil jou red! Hoor Hom roep: Waar is jy? Hy wil ons weer na Hom toe bring. Hy wil nie net nie — hy het! Jesus Christus sterf om ons krom weë reguit te maak.

Hy delg ons mislukkings uit en ons oortredinge bedek Hy. Hoor Hom nou roep. Hy roep na jou! Jy wat vermoeid en belas is, kom na Hom toe. Hy sal jou rus, vrede en liefde gee. Sy juk is sag en sy las is lig. Hy wil jou waarlik red.

Waar is jy?

**F. J. v. D.**

# Die duiwel onder God se mag

## Die vyand van God

Die duiwel is die vyand van God en van God se kinders. Deur die hele Skrif is hy die teëstander van God: as opstandige engel in die hemel, as verleider van God se skepsele en skender van Sy skepping, as versoeker van God se kinders (dink maar aan Job) en uiteindelik as versoeker en pyniger van Jesus Christus-self tydens die versoekings en kruisdood.

## Christus se oorwinning

Christus het gekom om die werke van die duiwel te verbreek. Daarom dat die duiwel hom ook so met al sy mag op Christus gerig het om dit te verhinder: die verdrukking van Israel in Egipte, Herodes wat die kindjie wil doodmaak, die versoekings in die woestyn en die haatveldtog van die Jode. Die kruisdood van Christus word die groot oorwinning oor die duiwel, die verbreking van sy mag en die hemelvaart is die openlike tentoonstelling van Christus se oorwinning en die duiwel se neerlaag! Hy word uit die hemel gewerf!

## Op die aarde

Hy het nou die aarde en die skepsele van God as sy werkplek! Hy is nog steeds die groot teëstander van God wat hom nog altyd op die mens rig om ons van God te vervreem en hy is magtig. Hy gebruik wêreldregerings en magtige ideologieë om sy satanswerk te verrig en te probeer om die kerk van die Here dood te smoor. Hy is 'n mensemoordenaar wat probeer om die mens, as kroon van die skepping, van God te vervreem.

## Magtig sonder mag

Maar hoe arm en onmagtig is die duiwel tog nie nou nie, want wat het hy van sy eie waarmee hy kan werk — niks nie! Hy moet maar gebruik maak van wat God in aansyn geroep het. God se waarheid verander hy in leuen en moet dit dan weer as waarheid aan ons voorhou, sodat ons dit moet glo! Die talente, tegnieke, masjinerie, ensovoorts wat God die mens gee en laat ontdek, moet Satan maar neem en verkeerdelik laat gebruik.

## Ja, self het hy niks.

Selfs geen mag van sy eie nie, want alles is maar aan hom gegee en elke daad wat hy verrig, staan maar onder toelating en regering van God. Lees maar net Openbaring 13:7. Satan is diensbaar aan God. Alleen teen die agtergrond van die donker kan die lig waardeur word. Eers na die oordeel van Satan skyn die volle heerlikheid van God.

## Vrees hom nie!

Daarom hoef ons hom nie te vrees nie. Met die wapenrusting van die geloof waardeur ons weet dat Christus reeds die duiwel oorwin het; met die swaard van die Woord wat die onvervalste waarheid spreek teen die leuen van die duiwel, kan ons in die stryd teen hom staan.

Nie in eie krag kan ons stry nie, maar alleen in die krag van God en toegerus deur die Heilige Gees. Dan is dit moontlik, want deur die Gees van God het Christus ook die duiwels uitgedryf.

## Sy einde

Hy sal nog ten laaste al sy kragte inspan. Aan die einde van die wêreldgeskiedenis sal hy 'n kort tydjie losgelaat word om die nasies te verlei en op te sweep teen die kerk van die Here,

maar dan is sy einde ook daar. Die hemel se leërmagte sal ten laaste op hom aanval en hy sal saam met sy engele in die poel van vuur gewerp word.

**P. J. W. S. van der Westhuizen.**

### **God sê daarom op my waarom**

*Wie durf o God, U kruisverhoor?  
Wie durf U, Here, ondervra?  
Wie durf U voor die regbank daag  
as sou U skuld en sonde dra?*

*Antwoord tog maar op my WAAROM.  
Vergeef tog maar dat ek dit vra.  
Antwoord HERE met U DAAROM  
en help my om die juk te dra.*

*"Wie in My vrees sy weg wil gaan  
moet vreesloos op sy wagpos staan.  
Ek doen aan hom wat My behaag . . .  
Dit is my DAAROM op jou vraag."*

*Só antwoord God my op my WAAROM.  
Sy Naam ter eer is dit Sy DAAROM.  
Dit is tog enkel goed vir my  
as Hy verdruk, dat ek moet ly*

**Joost Heystek**

# KEN JY LYDING?

## 'n Sinlose vraag

Watter onsinnige vraag, het u seker gesê toe u bostaande opskrif gelees het! Wie ken nie lyding nie? Elke dag en bykans elke lewe is vol van lyding. Ja, dit is so! Lyding is seker geen vreemde begrip nie.

Het ons nie al by menige siekbed met geboë hoofde gestaan, met stomheid geslaan by die aanskouing van soveel lyding en smarte nie. Dan kan jy alleen maar uitroep: Here, gee krag! Daar is die oue vader of moeder, wat in die grysheid van die ouderdom bitterlik ly vanweë een of ander kwaal — baie keer vir die mens ongeneeslik. Daar is die sorgsame moeder met die kindertjies om haar bed geskaar, soekende ogies en handjies en dan word sy dag na dag afgetakel.

Daar is die jong man in die fleur van sy lewe wat vanweë 'n ongeluk verbrysel lê en worstel met die vreeslikste pyne. Ja, en dan is daar die sielesmart wat so baie mense moet deurworstel. Elke mens ken seker sy of haar lydenstyd.

## 'n Sinvolle vraag

In die kerklike lewe word daar ook van lydenstyd gepraat, maar dan word 'n besondere lyding bedoel. Jesus Christus, onse Here, het onvergelyklik gely! Ken u Sy lyding? Spreek Sy lyding tot u binneste? Vind Sy lyding weerklank in u gelowige en dankbare hart?

Nou word die **sinlose vraag** skielik 'n **sinvolle vraag**...

Jou lyding en beproewing kry eers vir jou ware betekenis en sinvolheid as jy dit sien in die lig van Jesus Christus se lyding. Deur smarte en beproewing heen moes Hy afgetakel word tot in die dood, tot in die angste van die hel — dit was Sy kruisweg. Die **Koringkorrel** wat in die aarde moes val en sterf voordat dit veel vrug kon dra.

Só het sy lewe op aarde in die teken van lyding gestaan. Sy geboorte was 'n saak van droefheid vir Homself. Sy lewe was gekenmerk deur tranen. Sy dood het gelyk na 'n triomf vir Satan!

Paulus skryf: "Hy het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis" — maar dan volg die heerlike woorde: "Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke man is."

## Die oplossing

As ek 'n navolger van Jesus Christus is, dan word my lyding ook sinvol en ryk! Dan hoor ek die Stem van die Here in elke beproewing. Dan sien ek die hand van my God in elke terugslag. Hoe oneindig ryk is ek nie nou nadat ek ook die lydenstyd van die kerklike lewe leer ken het nie! Hoe arm is 'n mens nie sonder Jesus nie!

Wil u hoor wat die Skrif direk oor hierdie saak sê? Lees gerus 2 Korinthiërs 4:17 en 18. Lees en oordink die heerlike en troosryke inhoud van hierdie verse: "Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid; omdat ons nie let op sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."

Hierdie wonderlike woorde het vir u en vir my ewigheidsbetekenis as ons glo in Jesus Christus as ons enigste Borg en Middelaar...

Mag u deur Gods genade dit glo!

**A. Myburg.**



# Duiwelbesetenheid

'n Duiwelbesetene? Bestaan daar wel so 'n mens? Daar is baie sogenaamde "nugter" mense wat lankal die bestaan van die duiwel en ook die moontlikheid van duiwelbesetenheid afgemaak het as onwerklik. Tog, wyser as God moet ons nie probeer wees nie! Die Bybel praat daarvan en by die Woord eindig al ons teëspraak.

Besetenes kom in die Nuwe Testament, veral in die evangelies, herhaaldelik voor. Ons mag hier nie aan kranksinniges dink nie, al vind ons ook by die besetenes sekere verskynsels wat ook by sommige vorme van kranksinnigheid voorkom. (Matteus 17:15; Lukas 9:39).

## Jesus Christus se roeping

In die besetenes het ons te doen met 'n besondere vorm van teëstand van die kant van die duiwel teen die werk van Jesus Christus. Genesis 3:15 stel sy taak baie duidelik: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt."

Die "saad" van die vrou is Jesus Christus. Hy sou uit die menslike geslag gebore word. Langs die weg van stryd teen Satan sou Hy sy taak volbring om Satan te oorwin en die uitverkorenes van God te bevry uit die magsgreep van Satan. So lees ons dan ook in I Johannes 3:8: "Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn om die werke van die duiwel te verbreek."

## Koninkryk van God en magte van die bose

Daarom is die Skrif vol van hierdie stryd tussen die koninkryk van God en die magte van die bose.

Aan Kain sê God: "Die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers." (Genesis 4:7).

Aan Petrus sê Jesus: "Simon, Simon, die satan het vurig begeer om julle soos koring te sif." (Lukas 22:31).

Die apostel Petrus waarsku: "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wat hy kan verslind." (I Petrus 5:8).

## Triomf van Jesus Christus

Opvallend, net nadat Jesus Christus 'n duiwelbesetene genees het, sê Hyself: "As Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom." (Matteus 12:28). Hy het dus gekom om die mag van die bose te verbreek. Dit sien ons reeds kragtig by die versoeking in die woestyn waar Jesus met koninklike mag die satan weerstaan en oorwin (Matteus 4:1-11).

Deurgaans bewys Hy Hom as Koning. Die troon van Satan wankel! Jesus sê self: "Ek het die satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val!" (Lukas 10:18).

## Die menslike hart

'n Voorbeeld waar Jesus 'n mens ontworstel aan die magsgreep van Satan, is die verhaal van die besetene van Gadara (Matteus 8:28-34; Markus 5:1-10; Lukas 8:26-39).

Die sterkste vesting van Satan is die menslike hart. As God sy Koninkryk op aarde wil oprig, dan moet Hy in die eerste plek beslag lê op die vesting, die menslike hart. Hy moet binne die mens as Koning heers. Daar moet Hy sy oorwinning oor Satan toon. Dit is presies wat Jesus

Christus gedoen het, toe Hy die duiwelbesetenes genees.

Aan die Fariseërs het Hy dan ook verklaar: "Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: kyk hier of kyk daar nie, want die koninkryk van God is binne in julle!"

### **Ons gebed**

Daarom bid ons steeds: "Laat u koninkryk kom!"

Ons bedoel dan: "Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons, hoe langer hoe meer ons aan U onderwerp; vernietig die werke van die duiwel en alle heerskappy wat hom teen U verhef, en verder ook alle bose planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkommenheid van u ryk kom, waarin U alles sal wees in almal."

(Vraag 123, Heidelbergse Kategismus.)

**P. J. J. S. Enslin.**

# DIE "TERUGKEER" VAN DIE DUIWEL

## 1. Was hy dan weg?

In die laaste 200 jaar het die mens al hoe meer die bestaan van die duiwel ontken. Algaande het die standpunt ontwikkel dat die mens self goed en volmaak is en dat daar nie 'n duiwel is wat die mens kan verlei nie. So is die bestaan van die duiwel geloën en uit die lewe van die mens "weggedink".

Tog lees ons in die afgelope jare van die opkoms van die "duiwelaanbidding". In baie lande word reeds "gemeentes" gestig wat Satan op verskillende wyses aanbid. Die duiwel het dus, menslik gesproke, teruggekeer in die denke van die mens. Natuurlik was hy nie regtig weg nie — hy het homself net gekamoefleer en hy het net meer subtiel en "onderlangs" baklei. Die Bybel waarsku ons tog altyd teen die duiwel: "Wees nugter en waaksaam, want julle teenstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." (1 Petr. 5:8).

## 2. Sy spore in die geskiedenis

Ons kan in die wêreldgeskiedenis die spore van die duiwel goed sien. Ten alle tye is hy in mindere of meerdere mate aanbid. Die Bybel sê immers dat die duiwel ook sy "saad" het wat teen die "saad" van die vrou, d.w.s. die ware gelowiges, stryd sal voer. Ons kan sy spore sien; al het hy soms ander skoene en klere aangetrek en sy taktiek verander.

In die 7e tot 15e eeu het die kerk selfs allerlei bygelowe oor die duiwel gehad en het hulle verskeie middele gebruik om hom uit te dryf. Na skatting is 'n miljoen mense in die 15e eeu deur duiwelaanbidding gedood en geoffer. Na die 16e eeu het hy ondergronds begin veg. Hy het die mens verlei met die gedagte dat die mens van nature "goed" is — dat sonde slegs maar 'n siekte is waarvan ons weer uit onself kan herstel. Hy het die geloof van die kerk verdof met geloof aan dié eie waarde van die mens. So het hy dwaalleer gebring en die kerk verskeur en uitmekaar gedryf.

## 3. Hy brul vandag nog

Ons beleef vandag weer die aktiewe aanbidding van die duiwel. Deur verskillende rites en orgies word die duiwel vereer as dié mag in die wêreld. Die "erediens" neem dan ook die vorm aan van 'n totale teenstelling met die Christelike erediens. God word gelaster en die dienaars van die duiwel word opgeroep tot verbreking van die wet van God en verwerping van die kruis. Op die manier probeer die duiwel om die kerk plat te slaan en die eer van God in die wêreld te skend.

## 4. Gaan hy wen?

Hy het klaar verloor. Die Bybel het reeds vooruit sy streke beskryf. Volgens die moederbelofte in Gen. 3:15 het Christus sy kop vermorsel. God het by die kruis reeds beslissing in die stryd gegee tussen die saad van die vrou en die saad van die duiwel, maar hy spartel nog steeds, soos 'n vis aan die hoek, om nog te probeer veld wen. Hy brul uit frustrasie en hy beveg die kruis, omdat hy by die kruis verslaan is.

Die brullende duiwel loop vandag met ander skoene rond. Mōre sal sy taktiek weer verander. Hy sal altyd soek om te verslind totdat hy finaal gewerp sal word "in die vuurpoel wat met swawel brand." (Open. 19:20):

**J. M. Vorster.**

# Die seën van Skuldvergifnis

- 1 'n Psalm van Dawid; 'n onderwysing. Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.
- 2 Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.
- 3 Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag;
- 4 want u hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed. Sela.
- 5 My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.
- 6 Daarom sal elke vrome U aanbid in 'n tyd as U te vinde is; ja, by 'n oorstroming van groot waters sal hulle nie aan hom raak nie.
- 7 U is 'n skuilplek vir my; U bewaar my vir benoudheid; U omring my met vrolike gesange van bevryding. Sela.
- 8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.
- 9 Wees nie soos 'n perd, soos 'n muilesel wat geen verstand het nie, wat 'n mens moet tem met toom en teuel as sy tuig, anders kom hy nie naby jou nie.
- 10 Die goddelose het baie smarte, maar hy wat op die HERE vertrou — met goedertierenheid sal Hy hom omring.
- 11 Wees bly in die HERE en juig, o regverdiges! En jubel, alle opregtes van hart!

## Psalm 32